

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

7.3

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Ring van Humansdorp

Titel van Projek: Koukamma Evangelisasie Projek (KEP)

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier	
Naam:	Neels Scholtz	James Vermaak
Posadres:	Posbus 14, Kareedouw. 6400	Posbus 14, Kareedouw. 6400
E-pos:	kdouwngk@telkomsa.net	jvermaak@igen.co.za
Faks:	NVT	NVT
Tel. (k):	042 2880 351	082 556 0429
Tel (h):	042 2880 351	082 556 0429
Selfoon:	082 652 8491	082 556 0429

N.Scholtz

Handtekening Projekvoorsteller

17 September 2022

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____ Joe Janse van Rensburg _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____ Humansdorp _____, dat hierdie projek op _____ 15 September 2022 _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.



Handtekening Voorsitter / Skriba

30 September 2022

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die **Koukamma Evangelisasie Projek** is 'n gesamentlike diensaksie vanuit die NG Gemeentes Joubertina, Misgund, Kareedouw en Tsitsikamma. Op Kareedouw skakel ons ook in saam met die Joshua-projek in sommige van ons bedieninge. Hierdie projek vorm deel van die gemeentes se groter visie van gestuurd wees. Ons visie is:

God se koninkryk kom met krag – ons is SY instrumente”.

Die betrokke gemeentes en hul lidmate neem self verantwoordelikheid en eienaarskap vir hierdie projek deur finansiële ondersteuning in die vorm van donasies of maak van kos wat benodig word vir uitreike, asook persoonlike betrokkenheid. Die groeiende behoefte aan opvoeding (Geestelik sowel as akademies), asook die behoefte aan noodsaaklike lewensonderhoud, het veroorsaak dat eie fondse nie meer kan byhou by die behoeftes nie. Die plaaslike CMR word alreeds hierby betrek. Vier fokusareas is geïdentifiseer: Hongersnood; Werkloosheid; Afhanklikheid (dwelms en drank); Geestelike verval en verlorenheid. Elk van hierdie fokusareas word gekenmerk deur 'n spesifieke beweging en dinamika: Projekte vir die aanspreek van werkloosheid; Omgee vir hongersnood; Terugbring van afhanklikes; Evangelisasie vir verlorene. Die uiteindelijke doelstelling is om 'n sigbare en volhoubare sinergie tussen die onderskeie areas en bewegings te bewerkstellig.

Die doel van die **projek waarvoor fondse aangevra word** is die volgende:

1. Leierskampe:

Die gemeente van Kareedouw beskik oor 'n goed toegeruste kampterrein te Eersterivier waar hierdie kampe aangebied word.

- 1.1 Om die leiers in die skole waar ons betrokke is by naweekkampe te betrek ten einde hul toe te rus met die nodige leierskapsvaardighede sodat hul hul posisies in die betrokke skole waardig kan wees. Selfwaarde word dikwels hier ontdek en uitgebou en kennis word opgedoen aangaande voorheen onbekende onderwerpe. Tydens maandelikse besoeke aan skole sal opvolgwerk gedoen word.
- 1.2 Om plaaswerkers te betrek by naweekkampe met opleiding in emosionele handhawing, liggaamsbestuur, gesinstrukture en verwante lewensvaardighede.
- 1.3 Nasorg aan kinders en volwassenes wie die kampe en programme bywoon ten einde hulle te ondersteun en waar moontlik te gebruik in uitreike en projekte aan die res van hul plaasgemeenskap.

2. **Kinderkamp:** Om die skoolverlaters van die skole waarby ons betrokke is by naweekkampe te betrek. Ons plaaskinders kry hier geleentheid om hul horisonne te verbreed deur blootstelling aan voorheen onbekende plekke en belewenisse. Daar word gebou aan selfbeeld, selfwaarde en selfvertroue. Hulle word weer herinner aan hoe kosbaar hul vir Christus is en hulp word verleen waar nodig met inskrywing en skoolklere by nuwe skole. .

3. **Voorkoming van afhanklikheid:** Om die dienste van die Valk projek wat reeds in die Joubertina / Misgund gemeente bestaan uit te brei na die Kareedouw / Tsitsikamma-area. Om kundiges in die gemeente te betrek by voorligting, berading en ondersteuning van dwelm- en drankafhanklikheid deur gebruikmaking van kundige persone met grondige ervaring van sodanige probleemareas.

4. **Plek van versorging van behoeftige bejaardes.** Daar word tans 1 volledige ete per week afgelewer by van ons behoeftiges en bejaardes. Daar is op hierdie stadium 15 persone geïdentifiseer. Die projek word in samewerking met die APK gedoen. In samewerking met die CAT kerk en Joshua projek word daar tans 'n ou saagmeule-gebou gebruik waar daar twee keer per week 'n sopkombuis aangebied word en kinders Geestelik sowel as akademies opgevoed word. Daar is ook begin met 'n klerebank waar tweedehandse klere teen 'n baie lae prys verkoop word. In sommige gevalle help kinders met los takies in ruil vir 'n kledingstuk.

5. Bekamping van armoede/werkskepping.

Joubertina / Misgund

5.1 Opleidingsgeleenthede in verskillende velde ten einde mense se vaardighede te verhoog en werkskepping/entrepeneurskap te bevorder. CMR het hul perseel te Joubertina aan ons beskikbaar gestel. Ek is tans besig om dit netjies te maak en in te rig as 'n opleiding vir jeug en terapisentrum. Kursusse soos naaldwerk, houtwerk, tuinbou, kookkuns ens sal aangebied word. Persone uit al vier gemeentes sal die kursusse kan bywoon. Ons beoog om oornagfasiliteite beskikbaar te stel. Nie meer as 8 tot 10 persone sal per keer kan inskryf.

5.2 Berading en terapiegeleenthede met moontlikheid van inwoning vir 'n kort periode, plus minus 3 dae vir persone wat een of ander trauma deurgemaak het. Bv terapiegeleenthede vir verkragtingslagoffers, kinders wat mishandel is ens. Of dan ook vir klein groepie kinders om en by 8 per keer uit agtergeblewe areas om hul blootstelling aan 'n ander tipe leefwyse te gee, hul ervaringsveld te verbreed, beter higiëne te bevorder. Hul met die Woord in aanraking te bring, skoolbywoning te bevorder ens. Kinders sal bv ¾ dae inwoning geniet en dan weer na hul huise teruggaan. Hul sal tydens hul verblyf deur verskillende persone onderrig word.

5.3 Vroeë kinderontwikkelingsprojek van Valk wat goed op dreef is met aantoonbare suksesse sal voortgaan. Hier word gepoog om deur die totstandbring van huiskleuterskooltjies kleuters te help om skoolgereed te wees en hul kanse om te vorder op skool te verhoog en op die manier eendag beter werk te kry en die siklus van armoede te verbreek.

5.4 .1Sopkombuise en uitgee van kospakkie-projek: Terwyl bykans alles tot stilstand gekom het gedurende die grendeltyd, begin hierdie hierdie projek weer momentum kry. Persele wat voorheen vir hierdie doel gebruik is, is nie meer beskikbaar nie. 'n Nuwe gebou is tydelik bekom om te dien as 'n sopkombuis. Hoofsaaklik "Straatkinders" besoek die sopkombuis 2 keer per week. Daar is 'n uitgewerkte program waar die besoekers Geestelik sowel as akademies onderrig word vanaf 08h00 tot 12h30 twee dae per week. Gewillige inwoners van die Gemeenskap en plaaslike gemeentelede, sowel as lidmate van die CAT kerk doen hier diens. Hier is tans 'n klerebank waar tweedehandse klere teen baie lae pryse te koop aangebied word. Daar word verder beplan om 'n "mini-biblioteek" te begin waar boeke en tydskrifte uitgeneem kan word vir gebruik tydens die klasse. Hierdie projek word in samewerking met die Joshua-projek bestuur waar die plaaslike CMR ook betrek word.

5.4.2 'n Inwoner op Kareedouw het 'n groot skuur op sy perseel wat hy beskikbaar gestel het vir die huidige projek. Hyself wil graag betrokke raak by hierdie projek. Daar word beplan om dit verder uit te brei in 'n plek waar mense ook sekere vaardighede kan aanleer met die doel om sodoende werk te skep. Die projek is in 'n beplanningsfase en werksaamhede aan verandering van die gebou behoort in Oktober 2022 te begin. Die eerste fase van die projek sal wees om mense te leer tuinmaak en kos voor te berei om sodoende groente te verskaf aan die sopkombuise. 'n Groot voordeel hier is dat daar heelwat landbougrond beskikbaar is en daar is elektrisiteit in die gebou.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die oorhoofse projek:

Die genoemde vier gemeentes funksioneer binne die ringsgebied van Humansdorp en dra by tot die uitvoering van die Ring se taak in die Westelike gedeelte van die ringsgebied.

Die kinders, jeug, mans, vrouens en ouer persone woonagtig in die Koukamma area is die persone wie baat vind by hierdie projek. Individue en hul gesinne vind baat by die projek. Hul ontwikkeling sal ook moontlik uitkring na die omgewing waar hul woon.

Persone op plase in die vier gemeentes asook persone in die verskeie informele nedersettings wat in die areas bestaan word betrek.

Die persone wie by hierdie projek betrek word, word die geleentheid gegun om te groei in hul geloof en in 'n lewende verhouding met Christus te staan. Hul kry die geleentheid om hul horisonne te verbreed deur blootstelling aan voorheen onbekende plekke en belewenisse. Selfwaarde word ontdek en uitgebou en kennis word verbreed. Nuwe vaardighede word aangeleer.

Persone wie sal baatvind by die projekte waarvoor fondse aangevra word is: leerders van die onderskeie skole waar ons betrokke is; Werknemers op plase in die vier gemeentes binne die Koukamma area sowel as uit naasliggende informele nedersettings.

Werklose mense wat, deur middel van vaardigheidskursusse (houtwerk, naaldwerk), bemagtig word om toe te tree tot die arbeidsmark.

Straatkinders wat nie skoolgaan nie kan nou die basiese voorskoolse opleiding ontvang wat hulle bekwaam sal maak om by formele skole te begin inskakel.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Leierskampe vir leiers van betrokke skole	2 naweke in die eerste semester
Kampe vir skoolverlaters	2 naweke in tweede semester
Manne- en Vrouekampe vir plaaswerkers	2 naweke; 1 x September; 1 x Okt.
Opleiding en skeep van vaardighede; berading en terapie	Deurlopend
Sopkombuise met Geestelike en akademiese onderrig	Deurlopend

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
J. Vermaak en N. Scholtz	NG Gemeente Kareedouw
Hendri Roberts	NG Gemeente Joubertina
W.Sauer	NG Gemeente Tsitsikamma
J.Botha	NG Gemeente Misgund
E. Kritzinger	NG Gemeente Joubertina

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Tafels en stoele (skoolbanke) vir die leerproses	15
Gas/Elektrisiteit om kos voor te berei.	28 kg/maand (Elektrisiteit = R500/maand)
Kosbakkies/houers vir wegneemetes	+ - 5000
Hulpmiddels vir vaardigheidsklasse en akademiese opvoeding	Volgens benodigdhede
Installering van koopkrag	1 x toestel

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
VALK – Donateurs (4 x R1,000 pm)	R48,000
NG Gemeente Kareedouw - Donasies	R15,000
VGK	R1,800
NG Gemeente Kareedouw – verlaagde kamptariewe	R14,700
TOTAAL:	R79,500

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste- (R3000/maand) Vervoer van kinders en plaaswerkers na en van kampe.	R36,000
6 kampe @R4,000 per geleentheid (BesoekendeKampteier ingesluit)	R24,000
7 Uitreik na skole – R1,200/maand)	R14,400
• Verblyfkoste	R9,800
• Rekenaaruitgawes	R8,000
• Skryfbehoeftes	R6,500
• Drukwerk	R4,500
• Telefoon	R9,600
• Posgeld (Kourier)	R2,000
• Verversings	R12,000
• ANDER (spesifiseer asb):	
Aankoop van tafels en stoele vir sopkombuis	R11,300
Kragbydrae vir vaardigheidsontwikkeling/Koskook ens.	R12,000
Aankoop van hulpmiddels vir vaardigheid- en akademiese opvoeding	R10,000

TOTAAL:	R160,100
----------------	-----------------

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R160,100
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R79,500
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R80,600

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Sodra fondse beskikbaar is	R80,600

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf